

Ons het gesels oor **Vrae wat God vra** na aanleiding van 'n Boek geskryf deur Israel Wayne, en die gedagte hieraan is nie dat God vrae vra waarop Hy antwoorde nodig het nie, maar omdat u en ek eerlik moet kan antwoord om te bepaal hoe ons verhouding met God staan.

### **Die eerste vraag wat ek wil vra in hierdie reeks is: "Waar is jy?"**

God is alom teen woordig, hy is alwetend, daar is niks op die aarde wat hy nie van weet nie. Niks is vir God 'n verrassing nie.

In Psalm 139:7-10 skryf die Psalm skrywer:

**"Waarheen sou ek kon gaan om U Gees te ontvlug?**

**Waarheen sou ek vlug om U teenwoordigheid te ontkom?**

**Klim ek op na die hemel, U is daar; gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.**

**Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei U hand my, hou U regterhand my vas."**

Soms leef ons in sonde en is verwyderd van God, soms leef ons net op soe manier dat ons nie nabey God is nie.

Wanneer God ons roep en vra "Waar is jy?" dan kan jy hierdie vier stappe neem:

- Antwoord "Here Hier is ek"
- Gebruik die geleentheid om introspeksie te doen
- Evalueer jou omstandighede en
- Vra God vir wysheid om weer jou weg te vind

### **Die 2de vraag wat ek jou wil vra vandag: Wat maak jy hier?**

Miskien leef jy nie in sonde nie, miskien probeer jy nie wegkruip vir God nie, miskien het jy maar net besluite geneem vroeër in jou lewe wat jou op hierdie pad gebring het en hier het jy vasgehaak, hier het jy maar gemaklik geraak met jou omstandighede en aanvaar dat dit is waar jy moet wees.

Dit is nie noodwendig 'n verkeerde plek nie maar die vraag is of ons nog die doel verstaan, weet jy waarom jy in daardie rigting beweeg het.

1 Kon 19:9 Vertel van Elia wat i die grot sit en God kom praat met hom

**"Hy het in 'n grot in gegaan en die nag daar deurgebring.**

**Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê "Wat maak jy hier, Elia?"**

Dis nie noodwendig die verkeerde plek om te wees nie en miskien het jy gehoop om bietjie tyd met die Here te spandeer en die vraag "WAT MAAK JY HIER?" mag dalk 'n moeilike vraag wees om te antwoord.

Maar 'n duidelike vraag om die mens te laat verstaan dat:

- God belangstel en bereid is om te luister en om te help.
- God is nie klaar met jou nie hy het nog werk vir jou
- God wil Homself aan jou openbaar op 'n besondere wyse.

Waar is jy? Vra God vir jou en Wat maak jy hier?